

DIT IS VOLBRING

Week 6 - "Meng jy die ou-verbond met die nuwe testament" (2 September 2018)



God spreek ons vry deurdat ons glo,
nie omdat ons die wet onderhou nie.

Julle wat deur God vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, het julle van Christus losgemaak. Julle het God se genade verbeur. Wat ons betref, die Gees laat ons uitsien na dit waarop ons hoop: vryspraak deurdat ons glo. Vir mense wat met Christus verenig is, is dit nie belangrik of jy besny is of nie besny is nie. Wat egter wel belangrik is, is geloof wat deur liefde dade word. - Gal 5:4-6 (NLV)

1. Die Ou-Testament is nie onbelangrik vir ons nie
- omdat ons dit moet verstaan.

2. Die Nuwe Testament is nie 'n verbond tussen ons en God nie maar 'n erflating.

Deur wat Christus gedoen het, het ons ook deel van God se eie erfdeel geword. - Efs 1:11 (NLV)

3. In die Ou Testament leer ons, ons moet of ons moenie (bv. die Wet)

4. In die Nuwe Testament wil ons, omdat ons liefhet.

5. Die Ou Testament het gefunksioneer op 2 bene nl.:
i. Die besnydenis van die vlees, en
ii. Die onderhouding van die wet

6. Die Nuwe Testament funksioneer deur geloof

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. - Efs 2:8

Wanneer ons glo, werk dieselfde 2 bene van die Ou Testament in ons lewe, nie van buite na binne nie, maar van binne na buite.

i. Die besnydenis

Jy is nie 'n ware Jood bloot omdat jy in die openbaar as 'n Jood bekend staan of omdat jy uitwendig besny is nie. Inteendeel, die ware Jood is dié een wat dit in sy binneste is. En die ware besnydenis is nie dié een wat aan jou liggaam verrig word nie; nee, dit is die besnydenis van jou hárt wat deur die Gees van God verrig word, nie deur wetsvoorskrifte nie. Só 'n persoon ontvang lof – nie van mense nie, maar van God. - Rom 2:28-29

ii. Die Wet

Deur sy een offer het Hy al sy mense vir altyd volmaak geheilig. Die Heilige Gees bevestig dit vir ons wanneer Hy in die eerste plek verklaar: "Dit is nou die verbond wat Ek hierna met die volk Israel gaan sluit, verklaar die Here: Ek sal my opdragte inskryf in hulle harte en Ek sal dit in hulle verstand graveer." Dan voeg Hy daarby: "Ek sal aan hulle sondes en hulle oortredings nooit weer dink nie." - Heb 10:14

Die Ou Testament werk vanuit die raamwerk van werke.
Die Nuwe Testament werk vanuit die raamwerk van genade.